


## Inleiding

In hoeveel gesprekke was jy die afgelope jaar, paar maande, week of selfs vandag, wat mense praat oor Corona virus, siekte, inspuitings of selfs die merk van die dier. Byna al ons gesprekke en geleenthede om te kuier word oorheers deur opinies oor mediese aangeleenthede waarvan 99% van mense werklik geen kennis het nie. Meeste mense se hoof bron van inligting is dit wat hulle "nagevors" het via 'n bekende "search engin" op hul foon.

Ewe skielik weet ons "presies" wat is die bestanddele van 'n entstof en ook wie agter die hele Covid-19 epidemie skuil. Lucifer kry eer vir baie dinge wat hy absoluut niks mee te doen het nie.

Waaroor gaan jou gesprekke? Hoeveel persent van jou daaglikse kontaksessies en gesprekke met mense handel oor God en die Woord? Hoeveel daarvan is positief opbouend?

Mense praat eerder oor die merk van die dier en promoveer hom en sy merk eerder as die merk van Christus. Het jy geweet dat om mense te merk op hul voorkop en regterhand was nooit Lucifer se idee nie! Dit is God se idee! Hy het begin met dit en gebruik dit as metafoor alreeds vanaf die Paasfees. Eers in die laaste tyd van die mensdom op aarde gaan Lucifer dit ook doen! Die arme siel sal dan ook sy eie merkie wil maak en mense dink hy het die "merk van sy volgelinge" self uitgedink. Hy kon dit nie eers doen nie, want hy is die meester van plagiaat en leuens en om alles wat God doen te verdraai en te minag.

## Die merk van die dier

Die dier, soos hy genoem word in Openbaring is die een wat teen Christus gaan staan en die mensdom teen Christus gaan opsweep. Hy word daarom die Antichris genoem. Ons lees van hom en sy merk in Openbaring 13 en 14.

**Lees: Openbaring 13:16-18 en Openbaring 14:9-13**

Let ook op na Openbaring 13:8 wat vir my die meeste lig werp op hierdie onderwerp oor wie nou eintlik die "merk" gaan dra. *"En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af* ***in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.****"*

Hulle WIE HOM AANBID! Hulle wie se naam NIE in die BOEK VAN DIE LAM geskrywe is nie. Sien jy dit?

Wie se Naam is in die boek van die Lam? Almal wat die LAM van God (Jesus) aanvaar het dat HY die Verlosser is en Hom aangeneem het. Met ander woorde kinders van God. (Johannes 1:12)

My Naam staan in die boek van die Lam van God (Openbaring 3:5; 20:12-15 ) en ek is deur HOM verseël (Johannes 3:33-36; Efesiërs 1:13; Filippense 1:6) in Christus en sal nie voor die beeld van die dier buig nie, of hom aanbid nie, ek sal ook dus nie die merk van die dier dra nie! Inteendeel ek sal nie eers daarmee gekonfronteer word as kind van God nie, want God gaan SY kinders voor daardie tyd kom haal!

## Die Merk van die Lam

Hierdie is eintlik die gesprek wat ons elke dag moet hê, elke gesprek en elke mens moet weet van die merk van die Lam.

**Selftoets:** Wat weet jy van die merk van die Lam?

Hoeveel inligting het jy daarvan?


Hoeveel keer het jy al navorsing gedoen oor die merk van die Lam?

Om mense te "merk" as Sy eiendom kom reeds van die uittog uit Egipte. Die instelling van die Paasfees gebruik God die Lam se merk om mense te beskerm teen die doodsengel. Lees gerus die hele Eksodus 12 en 13. Let veral op Eksodus 13:6-10.



Die hele idee van voorkop en hand was soos ek reeds genoem het God se idee, dit was nog nooit die Antichris of Lucifer of die valse profeet se idee nie, alhoewel hulle aanspraak maak op die oorspronklike idee.

*Eksodus 13:9 "En dit moet vir jou as 'n teken wees* ***op jou hand en 'n gedenkteken tussen jou oë****, sodat die wet van die HERE in jou mond mag wees; want deur 'n sterke hand het die HERE jou uit Egipte uitgelei."*



Die beskerming van God daardie nag, Sy genade moet 'n teken wees op jou voorkop (tussen jou oë) en op jou hand. Die besluit om God te dien en Hom te glo en te vertrou vir verlossing moet nie net in jou kop wees nie maar ook oorgaan in handelinge, om Sy wil te doen! (Kop en hande) Die Jode het dit letterlik geneem wat God hul beveel het en het volgens Deuteronomium 6:4 tot 9 letterlik die Thorah op hul voorkop vasgemaak en draai hul die band om hul arm wanneer hul gaan aanbid. (Sien foto's) Die Fariseërs het selfs dikker bande om hul gedraai sodat mense kon sien. (Matteus 23:5) Dit gaan nie oor die band uiterlik nie, maar die gesindheid van binne.

Om jou hand en kop te kombineer was ook 'n ritueel met sondevergifnis, die sondaar moes sy hand op die voorkop van die dier plaas wat in sy plek geslag is. (Levitikus 1:4) So moet ons ook vandag ons vertroue in Hom verplaas vir versoening. Ons moet ons hand in Sy hande plaas! (Sien Jesaja 41:10-13)

**God verlos mense deur hul te merk in Esegiël se tyd**. God merk die mense met 'n merk op die voorkop, om hul te beskerm. Wie was die mense? Dit was mense wie nie die tempel verontheilig het nie. Mense wie teen die verval en verontagsaming was van God en die verval van die mense wat hulle rug op God gedraai het. God merk hul sodat die engele hulle nie dood slaan nie. Weereens merk God Sy kinders. Dit is weereens God se merk, God se idee om hul te verlos van die bose. Sien Esegiël 9:2-7

**In die groot verdrukking** gaan God weereens deur Sy groot genade 144 000 Jode verseël en merk met 'n teken as die 144 000 uitverkorenes om die Jode in die groot verdrukking te waarsku en te lei na God. Hierdie 144 000 sal Joodse mense wees, 12 000 uit elke stam van Israel. Hulle doel sal wees om mense na God te lei, saam met die twee getuies waarvan ons lees. (Sien: Openbaring 7:4-10 en 14:1-5)



## Die getal van God

Sewe is die volmaakte getal terwyl die mens se getal 6 is, daarom sal die Antichris sy getal 666 op jou wil afdruk. (Openbaring 13:18)

MAAR God is volmaak en Sy getal is volmaak, Hy is die Almagtige, Alsiende en Alwetende God van die begin af. Sy LAM (Jesus) dra Sy getal.

Lees: Openbaring 5 - Let op verse 3-8

Die Lam van God (Jesus) kon die seëls oopmaak, net Hy kon as "Losprys" sterf in ons plek aan die kruis, daarvandaan die Paasfees. Hy is volmaak!

- Die LAM van GOD het sewe Horings: Horings simboliseer MAG - Sewe horings is dus volmaakte Mag of Almagtigheid.
- Die LAM van GOD het sewe oë: Oë simboliseer vermoë om te SIEN - Sewe oë is dus volmaakte sig of Alsiende.
- Die LAM van GOD het sewe geeste: Gees simboliseer TEENWOORDIGHEID - Sewe geeste is dus volmaakte teenwoordigheid of Alomteenwoordigheid.

Die LAM van God is VOLMAAK in elke opsig!

HY is Almagtig, Alsiende en die Alomteenwoordige God!

Ons het die vorrege om met HOM "gemerk" te word vir die Ewige Lewe!

Sy volmaakte getal is 777.

Watter merk dra ons elke dag?

Is ons meer behep met 666 as 777?

Oor watter merk moet ons praat?

Sien mense daagliks God se merk in jou lewe?

Hierdie studie is bedoel vir selfondersoek: Nou dat jy weet van die merk van die Lam:

⇒ Hoe gaan jy daagliks jou gesprekke aanpas en jou optrede aanpas dat Sy merk op jou voorkop en op hou hand is?

⇒ Hoe gaan jou daaglikse besluite en handelinge verseker dat mense SY MERK sien in jou lewe?

Groete, Marius

